## 9. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Engele besoek Abraham – Genesis 18

Terwyl Abraham een warm dag by sy tentdeur in Mamre sit, het hy drie mans tussen die bome na hom toe sien aankom.  Hy het na hulle toe aangestap, maar nie geweet dat hulle engele is nie.  Hulle het net soos gewone mans gelyk.

"Kom sit bietjie hier in die koelte, dan kry ek water om julle voete te was en iets vir julle om te eet voor julle verder gaan," het hy gesê.

"Dankie, ons sal 'n rukkie hier bly," het hulle gesê.

Toe het Abraham, Sara en hulle diensknegte haastig begin om alles reg te kry vir die gaste.

"Waar is Sara?" het die engele gevra.

"In die tent," het Abraham geantwoord.

Toe sê een van die engele: "Oor presies 'n jaar gaan jy en Sara 'n seuntjie hê."  Eintlik was dit God wat met Abraham gepraat het, maar hy het dit nie besef nie.

Sara het in die deur van die tent gestaan en gehoor wat die man sê.  Toe Sara dit hoor, het sy begin lag, omdat sy te oud was om 'n baba te hê.  Sara het by haarself gedink: "Dit is tog onmoontlik dat twee sulke ou mense nog 'n kind kan hê."

"Waarom het Sara gelag?" het God gevra.  "Is daar enigiets te moeilik vir My?  Ek verseker julle: volgende jaar gaan hulle 'n baba hê!"

Sara het geskrik.  "Ek het nie gelag nie," het sy gesê.  Teen dié tyd het Abraham en Sara geweet dat dit God is wat met hulle praat.  Maar die Here weet alles.  Daarom het Hy vir haar gesê: "Ek weet jy het gelag!"

# 9. Engele besoek Abraham – Genesis 18

**Inleidende aktiwiteit:**

Kom ons maak asof iemand baie belangrik vir ons gaan kom kuier. Bespreek saam wat als gedoen moet word vir die gas om gemaklik te wees en welkom te voel. (bv koffie/tee/koeldrank om te drink, iets om te eet, maak als netjies, ens)

Ons gaan lees van belangrike besoekers wat op 'n dag na Abraham en Sara toe gekom het en ook hoor van die goeie nuus wat gebring is.

Lees nou saam die Bybelstuk – Engele besoek Abraham

**Vrae:**
1. In die verhaal, Wie het vir Abraham en Sara besoek? (God en twee engele)
2. Wat het Abraham gedoen toe hy die besoekers sien aankom? (Hy het na hulle toe gestap, gesê hulle moet kom sit in die koelte, water aangebied om hulle voete te was en kos gegee.)
3. Watter nuus het God vir Abraham gegee? (Daardie tyd oor 'n jaar sou hulle 'n baba hê.)
4. Wat het Sara gedoen toe sy hoor wat God sê? (Sy het gelag.)
5. Hoekom het sy gelag? (Vir haar was dit onmoontlik dat mense so oud soos sy en Abraham kinders kon hê.)

**Aktiwiteit:**

Sit almal saam in 'n sirkel. Gee vir een lid van julle gesin 'n bal of as julle nie 'n bal het nie, enige ander item om vas te hou. Die een wat die bal/item vashou moet wag vir jou om te sê wanneer om die bal/item aan te gee na die persoon aan hulle linkerkant. Hulle mag dit nie aangee as jy nie so gesê het nie. Probeer om die tyd af te wissel. Wag bv net 'n kort rukkie vir die een en dan weer langer sodat hulle mooi moet luister na jou om die bal aan te gee. Dit gaan beslis hulle geduld toets.

Abraham was 75 jaar oud toe God die eerste maal aan hom belowe het dat Hy vir Abraham 'n groot nasie sou maak. In die verhaal vandag het God hom op 99 jaar kom vertel dat dit nou nie meer lank sou wees voordat hulle 'n baba sou hê nie. Dink net hoe lank het Abraham en Sara gewag vir hulle baba en nou was die gewag amper verby.

**Vraag:**

- Hoe het julle gevoel toe julle moes wag vir my om te sê julle mag die bal aangee?
- Kan julle wag vir iets sonder om ongeduldig te raak en te kla?
- Wanneer julle bid en God nie dadelik doen wat julle vra nie, is julle bereid om te wag op Hom?

**Gebedsgids:**

- Vra vir God om jou te help om geduldig op Hom te wag.